higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 4

11 Maart 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 instrument
1.2 uitkoms
1.3 Erfenis
1.4 deelnemend
1.5 kind
1.6 onderwyserassistent
1.7 kwalifikasies
1.8 kinderoppasser
1.9 ontwikkelingspeil
1.10 omgewing

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 E
2.2 D
2.3 F
2.4 I
2.5 G
2.6 B
2.7 A
2.8 C
2.9 K
2.10 J

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 B
3.2 A
3.3 D
3.4 C
3.5 A
3.6 B
3.7 C
3.8 D
3.9 C
3.10 B

(10 × 1) **[10]**

Copyright reserved

VRAAG 4

4.1 Waar

4.2 Waar

4.3 Onwaar – kinders in KKO word op ’n informele manier deur spel geleer

4.4 Waar

4.5 Onwaar – verwys na binnenshuise en buitelugarea van die skool

4.6 Onwaar – verwys na die gehalte van interaksie tussen kinders en volwassenes

4.7 Onwaar – kinders voel veilig wanneer hulle ’n vasgestelde roetine en rooster het om te volg

4.8 Waar

4.9 Waar

4.10 Onwaar – goeie leeromgewing ondersteun die kind se ontwikkeling in die geheel

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 5

5.1
5.1.1 Formele
5.1.2 Informele
5.1.3 Basislyn
5.1.4 Formatiewe
5.1.5 Summatiewe
5.1.6 Ervaringsonderwys
5.1.7 Wet op Kindersorg
5.1.8 Leeromgewing
5.1.9 Stil area
5.1.10 Kultuur

(10 × 2) (20)

Copyright reserved

5.2



(5)
[25]

TOTAAL AFDELING A: 75

Copyright reserved

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 6.1.1

- Om nuwe woorde te gebruik en items te benoem soos dit gedurende die dag gebruik word
- Om gesprekke aan te moedig
- Om vrae te vra en die kind aan te moedig om vrae te vra
- Om die kind aan toepaslike prentjieboeke bloot te stel
- Om woordeskat te stimuleer en hulle aan leeskonsepte bekend te stel (Enige 2 × 2) (4)

6.1.2

- Luisteraktiwiteite – om geluide te identifiseer
- Om oop vrae te stel om gesprek aan te moedig
- Speletjies en aktiwiteite wat luister- en taalvaardighede insluit (byvoorbeeld Simon sê)
- Toneel- en rolspel as verbale uitdrukking en uitlaat vir emosies (Enige 2 × 2) (4)

6.2 6.2.1 Dit staan ook bekend as die helekindbenadering, waarvolgens die fokus op alle vlakke van ontwikkeling is, naamlik kognitief, fisiek, emosioneel, sosiaal, kreatief en verbaal. (2)

6.2.2

a)
- Om vorms te herken
- Om te leer om kreatief te wees terwyl kind met blokkies bou
- Om oor taal te leer terwyl daar oor konstruksie gepraat word

b)
- Om oor volume te leer
- Om hand-oogkoördinasie te ontwikkel deur water in houers te gooi
- Om te sosialiseer terwyl die kind met maats speel en in interaksie tree

c)
- Om oor kleur te leer terwyl geverf word
- Om fynmotoriese vaardighede te ontwikkel terwyl geverf, geteken of geknip word
- Om te leer om kreatief te wees

(Enige toepaslike 3 x 3) (9)

6.3

- Om ’n dagsorgsentrum te vestig
- Om programme in spesiale vaardighede by ’n dagsorgsentrum in werking te stel, byvoorbeeld balvaardighede, rekenaars, ballet, en so meer
- Om dienste as ’n hanswors, towenaar of enige ander soort vermaaklikheidskunstenaar vir partytjies/skole/by winkelsentrums aan te bied (Enige toepaslike antwoord) (3)

Copyright reserved

6.4
- Om 'n onderneming te vestig: finansiering,✓ kwalifikasies in KKO,✓ bestuursvaardighede✓
- Om spesiale skoolprogramme aan te bied: liefde om met kinders te werk,✓ beskik oor betrokke vaardigheid om aan te bied,✓ kontakte op die KKO-terrein✓
- Om dienste as 'n kindervermaaklikheidskunstenaar aan te bied: wees goed daarmee om kinders te vermaak,✓ uitgaande persoonlikheid,✓ geniet dit om met kinders te werk✓

(Enige DRIE voorvereistes wat verband hou met die entrepreneursaktiwiteit wat in VRAAG 6.3 geïdentifiseer word.) (3)

[25]

VRAAG 7

7.1 7.1.1 Stel vrae, praat oor ervarings en gaan prettig met taal om.

7.1.2 Voel en druk maatslag uit, beweeg op verskillende maniere, sing en bespeel instrumente

7.1.3 Klassifiseer, sorteer en beskryf ooreenkomste, vergelyk en rangskik in volgorde, ontwikkel getalkonsepte, wees bewus van ruimte en vorm, wees bewus van tyd en antisipeer volgorde van gebeure.

7.1.4 Maak planne, neem besluite. Los probleme op, druk gevoelens uit en wees sensitief jeens andere.

7.1.5 Teken, verf, rolspel, verbeeldingspel

(5 × 2) (10)

7.2
- Verstaan jou rol – Wees 'n lewensafrigter. ✓
- Gee aan die jong kind aanmoediging en leiding; prys hom/haar en stel grense. ✓
- Fokus op die regte dinge – dissipline✓
- Fokus moet op die positiewe wees ten einde selfvertroue op te bou en oop kommunikasie met die jong kind te ontwikkel. ✓
- Hoë verwagtinge – dit is belangrik om vanaf 'n vroeë ouderdom doelwitte✓ vir die jong kind te stel. Die verwagtinge behoort realisties en haalbaar te wees. ✓
- Kompetisie – verskaf geleenthede vir gesonde kompetisie om selfvertroue en fokus te ontwikkel. ✓
- Sosiale betrokkenheid – bied kinders die geleenthede om vriendskappe te ontwikkel. ✓ Leer kinders oor respek. ✓
- Aktiwiteitsbetrokkenheid – kinders moet aangemoedig word om betrokke te raak by verskillende aktiwiteite om 'n reeks vaardighede te ontwikkel, insluitend sosiale, emosionele, intellektuele en fisieke vaardighede. ✓Dit gee ook aan ouers 'n geleentheid om in interaksie te tree wanneer kinders aan spanaktiwiteite deelneem. ✓ (Enige toepaslike 8 × 1) (8)

Copyright reserved

7.3 7.3.1
- Bordspeletjies
- Legkaarte
- Prettige aktiwiteite en opvoedkundige hulpmiddels
- Boeke (Enige toepaslike opvoedkundige speelgoed wat genoem word) (5)

7.3.2 Die speelgoedbiblioteek bied aan minder bevoorregte kinders die geleentheid om met 'n verskeidenheid opvoedkundige hulpbronne, soos boeke en legkaarte, om te gaan. (2)

[25]

VRAAG 8

8.1
- Ras
- Kultuur
- Godsdiens/religie
- Geslag
- Etnisiteit
- Taal
- Ekonomiese status
- Ongeskiktheid
- Om aan MIV of ander aansteeklike siektes te ly
- Ouderdom
- Geslag
- Swangerskap
- Herkoms
- Huwelikstatus
- Oortuigings
- Taal
- Geboorte
- Kleur
- Seksuele oriëntasie
- Gewete (Enige 10 × 1) (10)

Copyright reserved

8.2
- Betrokke by aktiewe en sinvolle leer.
- Aktiwiteite moet holisties en ontwikkelingstoepaslik wees.
- Omgewing moet toepaslik vir ouderdom of ontwikkelingstadium wees.
- Konsekwente daaglikse rooster
- Element van kontinuïteit om op voorafgaande aktiwiteite voort te bou
- Ondersteunende rolmodelle moet by die leerproses betrokke wees
- Ontwikkeling moet gemonitor word
- Monitering behoort ’n geïndividualiseerde plan van aksie te hê.
- Monitering behoort elke kind te help om sy of haar volle potensiaal te bereik.
- Ontwikkeling behels sowel die versorging as opvoeding van jong kinders in ’n ontwikkelingsraamwerk.
- Kiners moet aangemoedig word om krities te dink en probleme op te los.
- Kinders leer die beste deur spel en ontdekking.
- Teenvooroordeelbenadering moet erkenning gee aan elke kind ten opsigte van eie kultuur, godsdiens, taal, tradisie en sosio-ekonomiese agtergrond.
- Gebruik werklike ervarings en materiale, aktiewe eksperimentering en ontdekking en nie masjinale leer, memorisering en onderrig deur vertelling nie.
- Ouerlike betrokkenheid (Enige 5 × 1) (5)

8.3
- Om toe te sien dat die kind toereikende skuiling teen die elemente het
- Om toe te sien dat die kind ’n gebalanseerde dieet volg
- Om toe te sien dat die kind toepaslik vir die tipe weer aangetrek is
- Om toe te sien dat die kind alle immuniserings kry
- Om ’n gesonde woonomgewing te voorsien
- Om mediese sorg te voorsien, wanneer nodig
- Om te verseker dat die kind genoeg vars lug en oefening kry
- Toepaslike voorgeboortesorg (Enige 6 × 1) (6)

8.4
- Die daaglikse rooster of program bied die ouer die versekering dat die kind ’n holistiese daaglikse program volg wat in al die kind se behoeftes voorsien.
- Die opvoeder kan haar dag volgens die program beplan en sal meer voorbereid wees.
- Dit gee die kind ’n gevoel van veiligheid. (Enige 2 × 1) (2)

8.5 **N**ieregeg**r**ings**o**rganisasie✓ Hulle is normaalweg organisasies sonder winsoogmerk wat min of geen finansiële steun van regerings ontvang nie. (2)

[25]

Copyright reserved

VRAAG 9

9.1
- Omhein
- Toerusting goed in stand gehou en gereeld skoongemaak
- Rommel behoort opgetel te word, veral geroeste blikke, glas of ander gevaarhoudende rommel. Stukkende toerusting moet verwyder word.
- Minstens 2 vierkante meter per kind om te verseker dat hulle vryelik kan rondbeweeg
- Geen giftige plante nie
- Verskillende afwerkings vir verskillende areas, byvoorbeeld betonoppervlakke vir speelgoed met wiele en sagte, sanderige areas onder die klim-/swaai-/glyapparaat.
- Troeteldierarea moet apart van die speelarea wees, en geen gevaarlike troeteldiere moet aangehou word nie.
- Hekke moet te alle tye gesluit wees.
- Stoorplek moet verbode wees vir kinders en te alle tye gesluit wees.
- Nood- en ontruimingsaanwysings moet duidelik sigbaar wees.
- Sandputarea moet gereeld gesteriliseer word met growwe sand en bedek word wanneer dit nie gebruik word nie.
- Skaduareas om kinders teen die son te beskerm
- Geen swembad nie, maar as daar een is, moet dit omhein en bedek wees.

(Enige 6 × 1) (6)

9.2 9.2.1 Hoewel ’n aktiwiteit ’n spesifieke doel of uitkoms op ’n spesifieke gebied (vak) kan dek, kan ander gebiede terselfdertyd ook gedek word.✓ (2)

9.2.2 Taal kan ontwikkel word deur vorms te bespreek.
Kleinspierontwikkeling kan plaasvind wanneer vorms uitgeknip word.✓
Grootspierontwikkeling vind plaas wanneer leerders in ’n sirkel loop wat buite geteken is. (Enige verwante antwoord) (2)

9.2.3 Die student moet punte verdien vir enige ouderdomstoepaslike aktiwiteit wat die konsep van VORM ontwikkel. Dit kan op ’n verskeidenheid maniere plaasvind om die integrasie op ander gebiede in te sluit.

Voorbeelde: Antwoorde moet toepaslik wees vir 4- tot 5-jariges en moet ’n begrip van vorm ontwikkel.

- Maak vorms met hul liggame
- Knip vorms uit tydskrifte en plak hulle op plakkate
- Druk vorms uit speeldeeg of klei deur koekievorms te gebruik
- Bypassende vorms
- Vorm konstruksies met bokse met verskillende vorms.

(Enige 4 × 2) (8)

Copyright reserved

9.3 9.3.1 KKO-praktisyn kan die kind vra om die instruksies te herhaal✓ om te verseker dat die kind alles verstaan het. ✓
Maak oogkontak met die kind of raak aan hom/haar voordat jy begin praat. (2)

9.3.2 Kinders kan aangemoedig word om aan kunsaktiwiteite deel te neem. Hulle kan kunsmateriale met ryk teksture verken deur hul tassintuig te gebruik. ✓
Laat die kind voor sit tydens besprekings en storietyd.
Gebruik groter illustrasies. (2)

9.3.3 Kinders kan ekstra take en opdragte kry om hulle besig te hou en te voorkom dat hulle die res van die klas ontwrig. ✓ (2)

9.3.4
- Kinders kan aangemoedig word om deel te neem aan kuns- of musiekaktiwiteite wat kan help om hulle te kalmeer.
- Moedig die kind voortdurend aan wanneer hy/sy emosioneel onseker voorkom. (1)

[25]

Copyright reserved

VRAAG 10

10.1 10.1.1
- Selfvertroue
- Nougesette denkers
- In staat om effektief met hulpbronne te werk
- Hoë energievlakke
- Kreatiewe denkers
- Goeie organiseerders
- Leierskapeienskappe
- Presteerders (Enige 6 × 1) (6)

10.1.2
- Selfvertroue: Jy moet vertroue in jou KKO-vaardighede asook bestuursvaardighede wys. Jy moet in staat wees om na kinders om te sien en voldoende in al hul behoeftes te voorsien. Jy moet ook jou personeel bestuur, aangesien hulle jou as die leier van die sentrum beskou. ✓
- Nougesette denker: Al die aspekte van die onderneming moet sorgvuldig oorweeg word: die ligging, die personeel, voorraad, opvoedkundige toerusting, meubels, aanvangskoste. Programme, spyskaarte en ouergeleenthede vereis almal sorgvuldige denke. ✓
- In staat om effektief met hulpbronne te werk Klein ondernemings misluk omdat eienaars nie weet hoe om met die finansies/hulpbronne van die onderneming te werk nie. Kry professionele hulp in hierdie verband. Behoorlike boekhoudingstelsels moet gevestig wees. Voorraad moet opgeteken en gekontroleer word. ✓
- Hoë energievlakke: KKO-sentra se personeel werk lang ure omdat ouers aanvaar dat skoolure hulle (die ouers) in ag neem. Om die eienaar van ’n KKO-sentrum te wees, beteken om baie rond te hardloop – inkopies, bymekaarmaak van materiale, beplanning van spyskaarte, beplanning van geleenthede en om met ouers onderhoude te voer. Instandhouding vind gewoonlik oor naweke of vakansietye plaas wanneer die kinders nie daar is nie. Die eienaar werk dus ook gedurende hierdie periodes. ✓
- Kreatiewe denkers: Kinders verskil en sal derhalwe altyd ’n mens se denkwyse uitdaag. Kinders moet gestimuleer en personeel aangemoedig word. Die meeste KKO-sentra werk met baie klein begrotings. Dit beteken dat die eienaar kreatief moet wees om geld in te bring en ook met hulpbronne moet improviseer. ✓
- Goeie organiseerders: Die KKO-eienaar moet in staat wees om op verskillende vlakke te organiseer: die program, roetines, uitstappies, skoolkonserte, oueraande, fondsinsamelings-geleenthede. ✓
- Leierskapeienskappe: Personeel moet lei op ’n manier wat hul werk vervullend en produktief sal maak. Ouers moet gelei word om die sentrum op verskillende maniere te ondersteun. Die gemeenskap kan ’n deurslaggewende rol in die lewens van die jong kinders speel, en die eienaar van die sentrum moet hierdie inisiatief lei. ✓
- Presteerders: Ten einde te slaag, moet elke eienaar van ’n onderneming ’n visie asook ’n drang om te presteer hê. Die onderneming moet sy mededingers vooruit wees. Identifiseer nuwe maniere om geld vir die onderneming te genereer. (Enige 2 × 3) (6)

Copyright reserved

10.2
- Voorsien afval wat die skool op kreatiewe maniere kan gebruik, byvoorbeeld vir kuns, of buitebande vir die buitelugspeelarea.
- Bied aan om vir die kinders te lees of hulle te vermaak.
- Bied hulp aan by skoolfunksies, byvoorbeeld om kos te maak.
- Wees die oë en ore rakende misdaad wanneer die skool gesluit is, en meld dit by die skoolhoof of polisie aan.
- Ondernemings in die gemeenskap kan die kinders vir ’n uitstappie nooi, byvoorbeeld na die kruidenierswinkel of die polisiekantoor.
- Borg produkte of maak skenkings aan die skool, byvoorbeeld papier; help met drukwerk, reklame, ensovoorts. (Enige 4 × 2) (8)

10.3 Vooraflees-aktiwiteite in Graad R is belangrik om die volgende redes:
- Dit stel die kind bekend aan die wêreld van letters, klanke en woorde, wat hulle vir lees voorberei.
- Die kind leer dat daar ’n spesifieke volgorde is met betrekking tot lees wanneer hulle deur boeke blaai of prentjies in volgorde plaas.
- Die kind ontwikkel liefde en respek vir stories en boeke.
- Die kind leer dat jy van links na regs lees.
- Hoe meer ervarings in vooraflees, hoe beter sal die kind se vermoë wees wanneer hy/sy begin lees. (5 × 1) (5)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 125
GROOTTOTAAL: 200

Copyright reserved